



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

24/2026

23 Julie 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Welkom terug aan al ons leerders, ouers en personeel. Ons sien uit na 'n produktiewe en suksesvolle nuwe kwartaal waarin akademiese tyd, soos altyd, die hoogste prioriteit geniet. Ons doen veral 'n beroep op ons graad 12-leerders om elke beskikbare akademiese geleentheid ten volle te benut, aangesien die rekordeksamen reeds in Augustus begin. Ons wens ook al ons leerders wat hierdie kwartaal aan die onderskeie sport-, kultuur- en ander skoolaktiwiteite deelneem, alle sterkte toe.

Aan die begin van hierdie kwartaal wil ons graag die volgende belangrike aangeleentheid aanspreek. Dit het onder die skool se aandag gekom dat sommige leerders hul eie WhatsApp-groepe en sosialemediarekeninge skep waarin die skool se naam, wapen, logo of foto's sonder toestemming gebruik word. Onvanpaste, beledigende of skadelike inhoud word soms ook op hierdie platforms geplaas, bespreek en versprei.

Hoërskool Oos-Moot is ingevolge Artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 'n regs persoon. Die skool se wapen, logo, amptelike ontwerpe, foto's, dokumente en ander oorspronklike materiaal vorm deel van die skool se intellektuele eiendom en beskermde identiteit. Hierdie materiaal mag nie sonder vooraf skriftelike toestemming van die skool:

- van die internet afgelaai en hergebruik word nie;
- as 'n profiel- of groepphoto gebruik word nie;
- verander, nageboots of met ander inhoud gekombineer word nie;
- gebruik word om die indruk te skep dat 'n groep, rekening of publikasie amptelik deur die skool bestuur of goedgekeur word nie; of
- saam met onvanpaste, beledigende, misleidende of skadelike inhoud gepubliseer word nie.

Die ongemagtigde gebruik daarvan kan die publiek mislei, die skool se goeie naam benadeel en, na gelang van die omstandighede en die skool se eienaarskap of registrasieregte, inbreuk maak op kopiereg, handelsmerkegte of gemeenregtelike beskerming teen aanklamping ("passing off"). Die toepaslike wetgewing sluit onder meer die [Wet op Outeursreg 98 van 1978](#) en die [Wet op Handelsmerke 194 van 1993](#) in.

Hoërskool Oos-Moot is 'n selfoonvrye skoolomgewing. Die skool vereis, bevorder of onderskryf nie selfoongebruik deur leerders nie. Elke leerder is verantwoordelik vir die inhoud wat hy of sy op 'n WhatsApp-groep of sosialemediaplatform plaas of versprei. Die verskoning dat iemand iets "net aangestuur" het, neem nie noodwendig aanspreeklikheid weg nie. Die aanstuur van 'n boodskap, foto, video of skermgreep is 'n verdere verspreiding daarvan en kan dissiplinêre, siviele of strafregtelike gevolge hê. Aanlyn kommunikasie kan onder meer deur POPIA, die Wet op Beskerming teen Teistering en die Wet op Kubermisdade geraak word.

Ouers en voogde bly primêr verantwoordelik vir die selfone en internettoegang wat hulle aan hul kinders beskikbaar stel. Ons doen daarom 'n ernstige beroep op ouers om hul kinders se selfoongebruik, toepassings, WhatsApp-groepe en sosialemedia-aktiwiteite gereeld te monitor. Ouers moet asseblief met hul kinders in gesprek tree oor verantwoordelike digitale gedrag.

Met ons ouer se samewerking kan ons ons leerders se veiligheid, waardigheid en die skool se goeie naam beskerm.

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF

ALGEMEEN

Belangrike datums en kontakbesonderhede

24 Julie	- Rapporte (leerders) - Gr.11 Tiarabal
25 Julie	Sagtebal (<i>All Day Rally</i>)
27 Julie	- Gr.9 vakbemarking begin - Akademie besoek (Gr.11/12)
28 Julie	- Oueraand op uitnodiging - Ouervergadering (Halfjaarverslag-bespreking met ouers)
29 Julie	- Amex-besoek (Gr.11/12) - Hokkietoernooi tot 2 Augustus)
30 Julie	Fotodag 2
31 Julie	- Orkes Winterkonsert - Burgerdag - All Stars Kaleidoscope
1 Aug.	Sagtebal <i>Slow Pitch</i> -dag
3 Aug.	- Gr.9 Vakinielingsaand - Toetsreeks begin
6 Aug.	ATKV-Talentaand
10 Aug.	Publieke vakansiedag (VROUEDAG)
13 Aug.	Fotodag 3
14 Aug.	Kunsuitstalling
18-20 Aug.	Kultuurweek
20 Aug.	Gr.12 Rekordesamen begin
21 Aug.	Donkey Derby (Hokkie/Sagtebal/Krieket)
26-28 Aug.	Gr.10 Veldskool
28-30 Aug.	2026/2027 Matriekraadkamp
4 Sept.	Lentedag (gewone klere)
5 Sept.	Netbal Legendsdag
23 Sept.	Skool sluit
26 Sept.	Moot Film-bekendstelling (by Oos-Moot)

Lief en leed

Ons innige meegevoel met Zané Terry (gr.11) en haar familie met die afsterwe van haar vader. Mag jul vertroosting vind in die mooi herinneringe wat julle saam gekoester het. Ons gedagtes en gebede is met julle.

Hartlik geluk aan mnr. en mev. Steyn (onderwyspersoneel) met die geboorte van hul babaseun! Mag hy vir julle baie liefde, vreugde en kosbare herinneringe bring.

Ons gelukwense ook aan me. C Korff (admin sportkantoor) wat tydens die vakansie verloof geraak het.

Voorkoms: Matriekafskeidgeleenthede

Graad 12-dogters

Slegs graad 12-dogters ontvang die vergunning dat voorkomsinspeksies ten opsigte van hare en naels vanaf **21 September** tydelik opgeskort word met die oog op die matriekafskeid.

Ná die Oktober-vakansie moet hul hare en naels weer volledig aan die skool se voorkoms- en kleredragreëls voldoen.

Graad 8- tot 11-dogters

Graad 8- tot 11-dogters wat na 'n matriekafskeid genooi word, ontvang **geen uitsondering** om hul hare te kleur of hul naels te laat doen nie. Hul voorkoms moet elke skooldag, ook gedurende die matriekafskeidtydperk, ten volle aan die skoolreëls voldoen.

Fotodag 2 – 30 Julie

Let asseblief op die volgende reëlings:

- Groep- en spanfoto's word in **wintersdrag** of **formele span-/sportdrag** geneem.
- Afrigters en organiseerders sal die nodige reëlings met hul onderskeie groepe en spanne tref.
- Individuele foto's word geneem van:
 - nuwe leerders;
 - nuwe personeellede; en
 - persone wat tydens die vorige individuele fotodag afwesig was.
 - leerders wie se foto's tydens die vorige fotodag nie volgens voorkomsreëls was nie.
- Die akademiese dag gaan normaal voort en groepe sal volgens die program uitgeroep word.
- Leerders moet hul sportdrag saambring en by die skool aantrek.

Markdag word Burgerdag

Ons tradisionele markdag kry hierdie kwartaal 'n heerlike nuwe baadjie! Ons bied vir die eerste keer Burgerdag aan.

Datum	:	31 Julie
Tyd	:	Pouse

Leerders kan uitsien na 'n heerlike keuse en word herinner om asseblief kontant saam te bring om ons graad 8's te ondersteun. Kom en geniet Burgerdag saam met ons!

AKADEMIE

Eksamen- en toetsroosters – Kwartaal 3

Die volgende toets- en eksamenroosters word binnekort aan leerders uitgegee en sal op die skool se [webwerf](#) beskikbaar gestel word.

- Kwartaal 3 toetsrooster
- Graad 12 Rekordesamenrooster (20 Augustus tot 18 September). Die finale rooster is nog nie van die Departement van Onderwys ontvang nie en sal met ontvangs so gou moontlik uitgegee word.

Oueraand op uitnodiging

'n Uitnodiging sal aan die betrokke ouers en leerders gestuur word.

Datum	:	28 Juli
Tyd	:	14:30 tot 18:00
Plek	:	Klaskamers

Ouervergadering – Halfjaarlikse verslagbespreking

Die halfjaarverslag sal met alle ouers bespreek word tydens hierdie vergadering.

Datum : 28 Julie
Tyd : 18:00 tot 19:00
Plek : Skoolsaal

Graad 12 – Verpligte Akademiese uur

Die kwartaallike verpligte akademiese uur vir ons graad 12-leerders, vir hierdie kwartaal, is vanaf 14:00 tot 15:10 en soos volg geskeduleer.

Gedurende hierdie tydperk sal daar geen ander buitemuurse aktiwiteite vir die matrikulante wees voordat die ekstra skooluur om 15:00 afgehandel is nie.

Datum	Sleutel
27 Julie	K1
28 Julie	K2
30 Julie	K3
3 Augustus	K4
4 Augustus	K5
6 Augustus	K6

Belangrik: Vanaf 21 Julie tot 19 September sal daar ook **elke Woensdag**, per vak, verpligte akademiese uur wees.

SOSIAAL

Tiarabal (Gr11)

Die Tiarabal is 'n spesiale geleentheid vir die skool se Graad 11-leerders.

Plek : Hoërskool Oos-Moot skoolsaal
Tyd : 17:30 vir 18:00 tot 22:00
Kleredrag : Semi-formeel

Matriekafskeid 2026

Ons herinner graag ons matriekleerders en ouers aan hierdie spesiale geleentheid.

Datum : 24 September 2026
Plek : Colosseum Reale Venue
Tyd : 18:00 – 23:00

Die sluitingsdatum vir die betalings is 31 Julie 2026. Volledige inligting is in die [skrywe](#) vervat.

SPORT

Bepalings, oefentye, programme en uitslae

Hierdie inligting word, soos ontvang, op die skool se kommunikasiekanale (by die onderskeie sportsoorte geplaas)

NETBAL

Fast 5 proewe

Alle dogters is welkom om deel te neem aan die proewe.

Datums : 28 Julie en 30 Julie
Tyd : 14:30 tot 15:30
Plek : Oos-Moot sportgronde
Registreer by die volgende [skakel](#).

ROLBAL

Oefentye

Vrydae : 14:00 – 16:00
Plek : Villieria Rolbalbane
Vervoer : Leerders gebruik eie vervoer na en van oefeninge

Skoolbussie word voorsien vir vervoer na wedstryde

Bepalings

Datum	Plek	Spanne
31 Julie	Wingate	OM1 vs Montana 1
7 Augustus	PHSOB	OM1 vs Barbarians 1
14 Augustus	Colbyn	OM1 vs Waterkloof 1
21 Augustus		OM1 vs Barbarians 2
28 Augustus	Villieria	OM1 vs Waterkloof 2
30 Augustus	Wingate	OM1 vs Sonitas 1

RUGBY

Virseker Noordvaal-toernooi (Plaatafdeling) teen HTS Middelburg.

Datum : 25 Julie
Plek : HTS Middelburg
Toegang

- R30 vir ouers en toeskouers.
- GRATIS vir leerders in skooldrag.
- Laerskoolleerders sal gratis toegang tot die terrein verkry.

Die spelers vertrek, per bus vanaf die skool.

Vertrektyd : 05:30
Terug by skool : 17:15

SAGTEBAL

Wedstryde

All Day Rally

Datum : 25 Julie
Plek : Oos-Moot

[Program](#)

Slow Pitch

Skryf nou in vir die *Slow Pitch*! Bring jou familie, vriende of kollegas en skryf in as 'n span, of jul ervare spelers is of net vir die pret wil deelneem, kom geniet die dag saam met ons.

Datum : 1 Augustus
Tyd : 08:00
Koste : R1000 per span (maksimum 10 spelers).

Registreer NOU [hier](#).

Kontakpersoon: Me T Ferreira (sagtebal@oos-moot.co.za)

KULTUUR

OOSIE-ENGELE

Ons nooi almal uit om betrokke te raak deur 'n boksie met noodsaaklike items saam te stel – vir meisies en/of seuns.



Meisies se boksies kan items soos gesigwas, deodorant, lyfroom, sanitêre produkte, lyfseep, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, haarrekkies, 'n haarborsel, kam en selfs 'n lekker sjokolade bevat.

Seuns se boksies kan items insluit soos deodorant, lyfroom, lyfseep, gesigwas, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, seep, sjampoe, 'n kam en 'n klein bederfie soos sjokolade.

Elke boksie gaan nie net praktiese hulp bied nie, maar ook wys dat iemand omgee.

Skenkings kan voor of op 31 Julie by K18 ingehandig word.

ORKES

Winterkonsert

Ons nooi almal na die Orkes se Winterkonsert.

Datum	:	31 Julie
Tyd	:	18:00 tot 18:30
Plek	:	Skoolsaal
Kaartjies	:	R50 (skoliere) R80 (volwassenes)

Kaartjies beskikbaar by [die BLOU rak](#).

OOSIE-BOND

'n Opregte woord van dank aan die Oosie-Bond vir hul waardevolle ondersteuning en betrokkenheid by ons skool. Ons waardeer veral die deurlopende onderhoud van die skool se gimnasium, asook hul ondersteuning aan leerders wat gedurende die vakansie aan toere deelgeneem het. Julle bydrae maak 'n betekenisvolle verskil in ons skoolgemeenskap.

BUITEPRESTASIES

SPORT

Erkenning van buite-skool prestasies (prestasies buite skoolverband).

Kliek op die skakel hieronder.



PROJEKTE

PVM PRODUKTE

PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!

Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#).
- Stuur die voltooide vorm en navrae per e-pos na: pieterses@oos-moot.co.za

Aflewering

- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.

PASTEIE

Bestel die heerlikste pasteie. Besoek [die BLOU rak](#) om te bestel en te betaal.

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrieff. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar.



PLANTCARE SERVICES BIED:

- Binnenshuise plant-installering en -instandhouding
- Tuinontwerp en besproeiing
- Plantdekorverhuring
- Weeklikse versorging

Tel: 072 500 2889 / 072 080 7540

Besoek www.plantcareservices.co.za vir meer inligting. Stuur 'n e-pos na info@plantcareservices.co.za of plantc@mweb.co.za



Oosie-parents give code 201 and the school qualifies for an amount.

Waverley

Wiskunde & Wetenskap



Sentrum

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- **Career Direct:** Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps
- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913

FEES

VAN WYNKOPERS



31 JULIE 2026
18:30 VIR 19:00

NG KERK, WAVERLEY-OOS
R200 PER PERSOON

KONTAK SUE-MARIE
082 447 2813 / 067 269 4447

Wiskunde en WETENSKAP

HULPBRONNE

- ✓ Flitskaarte
- ✓ Teorieboek
- ✓ Vraestelle



Alles wat jy nodig het om 'n **SUKSES** van jou studies te maak!

Teen 'n Koste van:
R330!!

www.wenwetenskap.co.za

<https://www.wenwetenskap.co.za>

DELTA VOORTREKKERS

VOORI'WYN⁴

1 AUGUSTUS 2026
15:00
DEJA-VU (RIETONDALE)

R 180 P/P

KOOP JOU KAARTJIE
VANDAG / BUY YOUR
TICKET TODAY

18+  COMPUTICKET
iTickets



NOORDELIKE
HELPMEKAAR
STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELEENING

Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIÊRE ONDERRIG in Suid-Afrika

NHS BIED DIE VOLGENDE:

Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

KONTAK ONS



(011) 782 9160



admin@nhsfonds.co.za



noordelikehelpmekaarstudiefonds.org